

# KONINGSKINDERS

## Werkboek



# Kamppsalm:







# Kampvers:

INHOUDSOPGAWE


1. Hoe werk die Bybel?
2. Vinnige verwysings na spesifieke gedeeltes in die Bybel
3. Werkstukke
   - 3.1 Aktiwiteit 1 – Enige ware God
   - 3.2 Aktiwiteit 2 – Gebed (Onse Vader)
   - 3.3 Aktiwiteit 3 – Skepping
   - 3.4 Aktiwiteit 4 – Die sondeval
   - 3.5 Aktiwiteit 5 – Die 10 gebooie (inleidend)
   - 3.6 Aktiwiteit 6 – 1ste, 2de en 3de gebod
   - 3.7 Aktiwiteit 7 – 4de, 5de en 7de gebod
   - 3.8 Aktiwiteit 8 – 6de, 8ste, 9de en 10de gebod
   - 3.9 Aktiwiteit 9 – Die geboorte van Jesus
   - 3.10 Aktiwiteit 10 – Wonderwerk (Die visvangs)
   - 3.11 Aktiwiteit 11 – Wonderwerk (Vermeerdering van die brood)
   - 3.12 Aktiwiteit 12 – Jesus word gekruisig en begrawe
   - 3.13 Aktiwiteit 13 – Die opstanding
   - 3.14 Aktiwiteit 14 – Hemelvaart
   - 3.15 Aktiwiteit 15 – Die uitstorting van die Heilige Gees
   - 3.16 Aktiwiteit 16 – Ewigheidsperspektief
   - 3.17 Aktiwiteit 17 – Hersiening
4. Koningskinderslied

# Hoe werk die Bybel?

Heel voor in die Bybel is daar 'n inhoudsopgawe, hierdie inhoudsopgawe wys vir ons op watter bladsy watter Boek voorkom.



Die Bybel bestaan uit twee dele, naamlik die Ou testament en die Nuwe testament.

Elke Testament is verder verdeel in Boeke, elkeen met sy eie naam.

Die Boeke word weer verdeel in hoofstukke, elke hoofstuk word met 'n **GROOT** syfer genommer.

Elke hoofstuk word weer verdeel in versies, elke versie word genommer met 'n klein syfer.

Byvoorbeeld: hoofstuk

**23** 'n Psalm van Dawid.
Die Here is my Herder,
ek kom niks kort nie.
2 Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters waar daar vrede is.
3 Hy gee my nuwe krag.

vers

Wanneer ons dus 'n gedeelte in die Bybel opsoek, sê ons dit so:

Psalm drie en twintig vers twee, maar ons skryf dit so:
Psalm 23:2

Die dubbelpunt ( : ) beteken dus "vers".

Nou kan jy voor in jou Bybel kyk by die inhoudsopgawe en Psalm 23:2 gaan opsoek!

# Vinnige verwysings

| | |
|---|---|
| Hele Bybel deur God gegee | 2 Pet 1: 20-21; 2 Tim 3: 16; 1 Pet 1: 25 |
| Net een God, kan nie twee here dien nie (God, Mammon) | 1 Kor 8: 2-6; Matt 6: 24; Deut 5: 7; 1 Tim 2: 5; 1 Kron 16: 26 |
| As God vir ons is, wie kan teen ons wees | Rom 8: 31-39 |
| Die Here vergewe as jy sondes bely | Joh 8: 1-11; 1 Joh 1: 8- 1 Joh 2:2 |
| Die Here gee Heilige Gees as Trooster | Joh 14: 12-18; 26 |
| Tot alles in staat deur Christus | Fil 4: 13 |
| Deur Christus kan jy jou gedagtes beheer | 2 Kor 10: 3-5 |
| Onderwerp jou aan God | Jak 4: 7 |
| Die sorge van die lewe | Matt 6: 25-34; Luk 12: 22-34; Filip 4: 6 |
| Dra mekaar se laste, die juk van die lewe | Gal 6: 2; Matt 11: 28-30 |
| As jy nie werk, moet jy nie eet | 2 Thess 3: 10 |
| Vergeet dinge van agter, strek uit na voor | Fil 3: 14 |
| Beproewinge, versoekinge | Jak 1: 2-18 |
| Die Here sal jou nooit begewe, verlaat | Heb 13: 5; Ps 27 |
| Arm, maar ryk in die geloof | Jak 2: 5-6 |
| Skat in die hemel | Matt 6: 19-21 |
| Ons liggame is lede van Christus | 1 Kor 6: 12-20; Rom 12: 1 |
| Wapenrusting van God | Efe 6: 11-20 |
| Die liefde | 1 Kor 13 |
| Vrugte van die gees | Gal 5: 22 |
| Dra vrugte wat by bekering pas | Matt 7: 15-23; Matt 12: 33-37 |
| Beproef alle dinge.... maar? | 1 Thes 5: 21-22 |
| Onreine gees kom terug, as huis leeg is..... | Matt 12: 44-45 |
| Beheersing van die tong | Jak 3: 1-12 |
| Moenie sweer nie | Jak 5: 12 |
| As jou hand jou laat struikel | Matt 5: 29-30 |
| Nou en wye poort | Matt 7: 13-14 |
| Die Satan is die Vader van die leuen | Joh 8: 44 |
| Die Duiwel is 'n brullende leeu | 1 Pet 5: 8-9 |
| As broeder haat, kan jy nie in lig wandel nie | 2 Joh 2: 9-11; Luk 11: 33-36; 1 Joh 3: 4-18; 1 Joh 4: 20-21 |
| Haal die balk uit jou eie oog | Matt 7: 13-14 |
| Draai jou ander wang | Luk 6: 27-31 |
| Vergewe, vergewe, vergewe | Matt 18: 21-35; Kol 3: 13 |
| Moenie jou wreek, aan God kom wraak toe | Rom 12: 17-21 |
| Laat son nie ondergaan oor toorn | Efe 4: 26-32 |
| Nederigheid, was mekaar se voete | Joh 13: 1-20 |
| Gehoorsaamheid aan God die belangrikste | 1 Sam 15: 22 |
| Gehoorsaamheid aan ouers | Efe 6: 1-4; Kol 3: 20; Luk 2: 41-52; Spr 30: 17 |
| Oor die egskeiding | Mark 10: 1-12; Mal 2: 15-16; Rom 12: 1 |
| Die Onse Vader | Matt 6: 9-13 |
| Bid sonder ophou, die gebed, vertroue | 1 Thess 5: 17; Jak 1: 2-18; Matt 7: 7-11 |
| Ek is die Weg, die Waarheid, die Lewe | Joh 14: 6; Hand 4: 12 |
| Geloof sonder werke, word daders van geloof | Jak 2: 14-26; Jak 1: 19-27 |
| Moet raak soos 'n kindjie | Matt 18: 1-14 |
| Regverdigmaking deur geloof | Rom 3: 21-31 |
| Valse profete | 1 Joh 4: 1-6 |
| Wederkoms kom soos dief in die nag | 2 Pet 3: 10-17; Matt 24: 1-35; 1 Pet 5: 8 |
| Die laaste oordeel | Openb 20: 11-15 |
| Nuwe hemel en aarde | Openb 21: 1-8 |
| Nuwe Jerusalem | Openb 21: 9-27 |
| Oor die weeropstanding van die vlees | 1 Kor 15; 1 Thes 4: 13-18 |
| Vervolging van Christene | 1 Pet 4: 12-19 |
| Oes is baie, arbeiders is min | Matt 9: 37-38 |
| Die Here sal jou sê wat om te sê | Ex 4: 12; Hand 4:8; Matt 10: 19-20; 2 Tim 4: 17 |
| Verskillende gawes | 1 Kor 12: 1-11 |
| Ons moet Evangeliseer | Ese 3: 18-21 |
| Ons moet Christus eerstens verkondig | Kol 1: 28-29 |
| Ons moet ook hulle verder leer | Heb 6: 1-2 |
| Ons is as wagters oor mekaar aangestel | Ese 3: 17 |
| Ons moet sondes bely, alle mense is sondig | 1 Joh 1: 8-10; Rom 3: 9-20 |
| Die wet is die tugmeester na Christus (sondebesef) | Gal 3: 24-27 |

# WERKSTUKKE




Lees Jesaja 40:12-31

**AKTIWITEIT 1**

# Enige ware God







Ons leer God ken deur die B___________ te lees en

deur na Sy s___________ te kyk.

## God bestaan uit drie persone,

## maar is EEN WESE:




WAT BETEKEN DIT OM NA DIE **BEELD VAN GOD** GESKAPE TE WEES?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Lees Matteus 6:5-15

## AKTIWITEIT 2

# Gebed



Merk die regte antwoord by elke vraag (daar kan meer as een antwoord reg wees):

1. Wat is gebed?

| Moontlike antwoorde: | ✓ |
|---|---|
| a. Om met mense oor God te praat | |
| b. Om met God persoonlik te praat | |
| c. Om deur iemand met God te praat | |



2. Waarom moet ons bid?

| Moontlike antwoorde: | ✓ |
|---|---|
| a. Want die Here beveel ons om te bid | |
| b. Om God te loof, gawes te vra, te dank | |
| c. Sodat ons hemel toe kan gaan | |

3. Waarvoor moet of kan ons bid?

| Moontlike antwoorde: | ✓ |
|---|---|
| a. Ons moet net bid vir onsself | |
| b. Ons moet bid vir ander se behoeftes | |
| c. Ons moet God dank en loof in ons gebede | |



4. Wanneer of waar kan ons bid?

| Moontlike antwoorde: | ✓ |
|---|---|
| a. Ons kan enige tyd tot God bid | |
| b. Ons mag net in die kerk bid | |
| c. Ons moet altyd bid, nie net wanneer ons lus het nie | |

5. Wat word die gebed genoem wat Jesus vir Sy dissipels geleer het?

| Moontlike antwoorde: | ✓ |
|---|---|
| a. Die Dissipels se gebed | |
| b. Onse Vader | |
| c. God se gebed | |



Vul die woorde in die blokkie hieronder op die regte plek in:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| hemel | vergeef | Krag | bose | wil |
| U | naam | daaglikse | | versoeking |
| koninkryk | Ewigheid | aarde | woon | skuldenaars |

# Onse Vader



Ons Vader wat w______ in die Hemel,

Laat U n_______ geheilig word,

Laat U k_____________ kom,

Laat U w_____ geskied,

Soos in die h_________,

So ook op die a__________.

Gee ons vandag ons d______________ brood

En v____________ ons, ons skulde,

Net soos ons, ons s________________ vergewe.

Lei ons nie in die v_______________ nie,

Maar verlos ons van die b_______.


Want aan ___ behoort die

Koninkryk, die

K______, en die

Heerlikheid tot in E_____________!

AMEN



Lees Genesis 1:1-31 asook Genesis 2:1-4

**AKTIWITEIT 3**

# Skepping





Teken in elke blokkie wat die Here op daardie spesifieke dag geskape het:

| | | |
|---|---|---|
| DAG 1 | DAG 2 | DAG 3 |
| DAG 4 | DAG 5 | DAG 6 |
| DAG 7 | | |

Nadat God alles geskape het, het Hy gesien dit is

...GOED!!



***Om te onthou:***

Die Here se skepping was volmaak, dit was goed, dit sluit die mens in! Die Here het jou volmaak

**AKTIWITEIT 4**

Lees Genesis 3

# Die sondeval



Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is:

1. Die duiwel kom in die vorm van 'n slang en verlei die mens. ____________
2. Die mens mag van die boom in die middel van die tuin eet. ____________
3. Die mens luister nie na die duiwel nie, maar is gehoorsaam aan God se bevel. ___________
4. As gevolg van die sonde, kom daar nou skeiding tussen die mens en God. ____________
5. Die Here beloof weer herstel in Gen.3:15. _____________
6. Ons is nie deel van die sondeval nie. ________________

***Om te onthou:***

Daar het skeiding gekom tussen God en die mens, omdat die mens ongehoorsaam was aan God se bevele. Die mens is verlore as gevolg van sonde, maar die Here beloof om die mens te verlos!

Lees ook Romeine 3:10-12 en Jesaja 53:5

# Niemand is regverdig nie

Pas kolom B by kolom A deur net die regte letters by die syfer te plaas:

| KOLOM A | KOLOM B | ANTWOORD |
|---|---|---|
| 1. Die straf op die sonde is die … | a. Jesus Christus | 1. |
| 2. Hy het betaal vir ons sondes | b. Kruisiging | 2. |
| 3. Hoe is betaal vir ons sondes? | c. genade | 3. |
| 4. Regverdig beteken.. | d. dood | 4. |
| 5. God red ons uit.. | e. Onskuldig voor die Here | 5. |

***Om te onthou:***

Ons almal is sondig en verdien die straf van die ewige dood. Maar uit genade word Jesus Christus gekruisig en betaal só vir die wat in Hom glo se sondes.

**AKTIWITEIT 5**

Lees Eksodus 19:16-25 asook Eksodus 20:1-20

# 10 Gebooie

Vul in:




1

2

3

4

5

6

7


8

9

10

***Om te onthou:***

Op die berg Sinai het die Here Sy gebooie aan Moses bekend gemaak. Hy verskyn aan Moses en die berg rook en skud. God is Heilig en moet met respek hanteer word.




**AKTIWITEIT 6**

Lees Daniël 3:1-30

# 1ste en 2de gebod

Kleur die prente in:





***Om te onthou:***
Die eerste en tweede gebod beveel dat ons God alleen moet dien. Ons dien God uit dankbaarheid vir die werk wat Christus op die kruis gedoen het. Ons dien God, want Hy is Almagtig!!

Lees ook Levitikus 24:10-16

# 3de gebod

Soek die volgende woorde in die blok hieronder (woorde kan van bo na onder of onder na bo, van links na regs of regs na links gerankskik wees):

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Selomit | Dan | laster | Godsnaam | Moses |
| Klippe | straf | oneerbiedig | sterf | gemeente |

***Om te onthou:***

In die derde gebod beveel die Here ons om nie Sy naam te misbruik nie. Ons mag nie Sy naam sommer net as vloekwoord of 'inlas' gebruik nie. Sy naam is kragtig en heilig! Gebruik die naam van God met respek en eerbiedig!

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Z | K | E | A | H | M | Q | R | U | A | Y | O |
| A | L | T | S | J | A | W | F | J | W | H | N |
| G | I | N | S | K | A | A | V | M | E | N | E |
| P | P | E | E | L | N | Z | V | F | D | J | E |
| B | P | E | L | A | S | T | E | R | S | G | R |
| C | E | M | O | Z | D | E | T | E | X | F | B |
| C | K | E | M | X | O | D | G | T | R | D | I |
| F | Q | G | I | C | G | M | O | S | E | S | E |
| Q | W | S | T | R | A | F | B | K | F | R | D |
| A | E | U | F | V | N | C | N | I | V | G | I |
| M | R | I | G | B | M | R | Y | O | G | H | G |
| D | T | O | H | N | N | A | D | L | T | J | T |
| O | Y | P | J | M | L | V | H | P | G | U | D |



## AKTIWITEIT 7

Lees Numeri 15:32-36

***Om te onthou:***

Die Here beveel ons in die vierde gebod dat ons die dag van die Here moet gebruik om nader aan Hom te kom! Dit is 'n dag aan Hom gewy!

# 4de gebod



## WAT MOET ONS DAN OP 'N SONDAG DOEN?


______________________________________________________________

______________________________________________________________

Lees ook Genesis 9:20-29 en Galasiërs 5:21

# 5de gebod





***Om te onthou:***

Die Here beveel ons om ons ouers gehoorsaam te wees al sondig hulle net soos ons teen die Here. Ons moet egter bo alles aan die Here gehoorsaam wees. Hom soek en Hom bo alles stel!

1. Wat doen Noag wat die werke van die vlees is? ______________________________
2. Wat is die Here se oordeel oor die werke van die vlees? ______________________________
3. Wat beveel die Here in die 5de gebod? ______________________________
4. Wat is Gam se straf? ______________________________
______________________________________________

Lees ook Johannes 7:53 asook Johannes 8:1-11

# 7de gebod

<u>Onderstreep</u> die korrekte sin:

a) Ons kan maar aanhou om sonde te doen, want die Here sal ons keer op keer weer vergewe.
b) Die Here vergewe ons sondes, keer op keer, maar ons moet streef daarna om nie te sondig nie.
c) Die Here se genade is groot, maar ons sondes is groter.



***Om te onthou:***

Die Here beveel dat ons nie mag egbreek nie. Hy beveel ook dat dié wat wel egbreek pleeg moet sterf. Jesus het die straf op die sondes van al sy kinders op Hom geneem. Daarom vergewe hy ook dié sonde en beveel ons om nie verder te sondig nie.

**AKTIWITEIT 8**

Lees 1 Konings 21:1-19

# 6de, 8ste, 9de & 10de gebod


Vul die bokraaisel in:


Dwars:

1. Hy het 'n wingerd in Jisreël gehad.
3. Sy het 'n plan gemaak om hom te vermoor.

Af:

2. Hy wou die wingerd koop.
4. So het hulle Nabot doodgemaak.
5. Die Here het hom gestuur om met die koning te praat.





**Verduidelik in jou eie woorde hoe elke gebod inpas by die verhaal:**

6de gebod:

______________________________

______________________________

______________________________

8ste gebod:

______________________________

______________________________

______________________________

9de gebod:

______________________________

______________________________


______________________________

10de gebod:

______________________________

______________________________

______________________________



***Om te onthou:***

Ongehoorsaamheid aan God het straf tot gevolg. Kyk maar weer na Agab en Nabot. Die Here gee Sy bevele, ons moet dit gehoorsaam.

**AKTIWITEIT 9**

Lees Lukas 2:1-21 asook Matteus 1 :18-21


# Jesus se geboorte

Vul die woorde in die woordebank hieronder op die regte plek in die paragraaf in:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Heilige | Josef | Maria | verlowing |
| Moses | Here | wêreld | voorgeneem |
| Dawid | Jesus | verlos | sondes |

## MATTEUS 1:19-21

Haar verloofde, J_________, wat aan die wet van M__________ getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom v_____________ om die v______________ stilweg te verbreek. Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die H__________ in 'n droom aan hom verskyn en gesê : 'Josef, seun van D_____________, moenie bang wees om met M_________ te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die H__________ Gees. Sy sal 'n Seun in die w_________ bring, en jy moet Hom J_____________ noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle s_____________ sal v______________.



***Om te onthou:***

Die Here stuur sy Belofte na die aarde om ons te red van die Satan en ons sondes op Hom te neem. Rede: Sodat ons weer kinders van God kan wees wat Hom met alles wat ons het, te eer.




**AKTIWITEIT 10**

Lees Lukas 5 :1-11


# Wonderwerk: Die visvangs

Kleur die prentjie in:



# Wat is 'n wonderwerk?

Omkring die regte blokkies:



'n Wonderwerk is wanneer iets wat onmoontlik was, moontlik gemaak word.

'n Wonderwerk is werk wat gedoen word deur 'n towenaar.


Iets waarvoor jy gewens het en dan word dit waar.

Iets wat bonatuurlik gebeur.

**AKTIWITEIT 11**



# Wonderwerk: Vermeerdering van die brood



Kies by elke vraag telkens die regte antwoord deur 'n regmerkie in die blokkie te maak:

1. Hoekom het Jesus besluit om vir die massas mense kos te gee?

| | | |
|---|---|---|
| a. | Want die mense het gekerm dat hulle honger was. | |
| b. | Want Jesus wou vir almal wys hoe wonderlike voorsiener Hy is. | |
| c. | Want die dissipels was honger. | |

2. Jesus het vir die twaalf gesê dat hulle vir die mense moet kos gee. Wat was die dissipels se antwoord hierop?

| | | |
|---|---|---|
| a. | Hulle het geantwoord dat hulle dadelik vir die mense kos sal gaan koop. | |
| b. | Hulle het geantwoord dat hulle niks meer as vyf brode en drie visse het nie. | |
| d. | Hulle het geantwoord dat hulle nie vir die mense wil kos gee nie. | |

3. Hoeveel mense was daar?


| | | |
|---|---|---|
| a. | 8 Duisend altesaam | |
| b. | 3 Duisend altesaam | |
| c. | Net die mans was omtrent 5 duisend. | |

4. Wat was Jesus se opdrag aan die dissipels?

| | | |
|---|---|---|
| a. | Om die mense in groepe van 50 te verdeel. | |
| b. | Om die mense weg te stuur huis toe. | |
| c. | Om die mense in 50 groepe te verdeel. | |

5. Nadat die Here die kos geseën het, het die mense geëet en daar het nog oorgebly. Hoeveel kos het oorgebly?

| | | |
|---|---|---|
| a. | Daar het net 'n paar krummels oorgebly. | |
| b. | Daar het niks oorgebly nie. | |
| c. | Daar het omtrent twaalf mandjies oorgebly. | |



**AKTIWITEIT 12**

Lees Johannes 18:1-11 en Markus 15

# Jesus word gekruisig en begrawe



HOEKOM IS CHRISTUS GEKRUISIG?


____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________

***Om te onthou:***

Jesus Christus word deur die Vader verlaat en aangeval deur Satan in die 3 ure duisternis. Hy ly fisies. Bo alles, word Hy deur sy Vader verlaat om so in ons plek vir die sondes te boet. Hy dra die straf vir die hel in ons plek, terwyl Hy daar aan die kruishout hang. Die hele bestaan van die wêreld draai om hierdie dag. Jesus word begrawe en die Jode sit wagte by die graf om te verhoed dat Hy nie gesteel word deur sy dissipels nie.

<u>Sê of die volgende stellings waar of onwaar is</u>:

- Die soldate het vir Jesus ‘n pers mantel aangetrek en ‘n doringkroon op Sy kop gesit. _____________
- Golgota beteken Kopbeenplek. _____________
- Daar was twee onskuldige manne wat aan weerskante van Hom gekruisig was. _____________
- Voordat Jesus Sy laaste uitgeasem het, het Hy hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lemá sabagtani?” _____________
- Jesus is op ‘n Vrydag gekruisig. _______________
- Jesus se lyk is vir Moses gegee om begrawe te word. ________________
- Hulle het ‘n klip voor die graf gerol. __________



**AKTIWITEIT 13**

Lees Lukas 24:1-12 en Johannes 20:11-18

# Die opstanding



When Mary came to Jesus' grave it was opened and He was gone. He had risen. Matthew 28:1-7

***Om te onthou***:

Jesus het uit die dood opgestaan! Hy het die dood oorwin!

AKTIWITEIT 14

Lees Markus 16:9-20 en Lukas 24:50-53

# Die hemelvaart

Aan wie het Jesus heel eerste verskyn nadat Hy opgestaan het uit die graf?

______________________________

Aan wie het Jesus tweede verskyn?

______________________________

Wat is die plek se naam waar Jesus opgevaar het na die hemel?

______________________________

Hemelvaart beteken om op te vaar na die hemel!

Hoekom het Jesus opgevaar na die hemel?

______________________________________________________________

**VERBIND DIE SINNE OM BYMEKAAR TE PAS:**

| | |
|---|---|
| Hemelvaart | regterhand van God. |
| Jesus sit aan die… | Plek waar hemelvaart plaasgevind het. |
| Die dissipels… | Hemelvaartdag |
| Betanië | Om na die hemel op te vaar. |
| 14 Mei | het nie Jesus herken nie. |

**AKTIWITEIT 15**

Lees Handelinge 2: 1-21


# God die Heilige Gees




**Joh.14:16**

"Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid."

**DIE FUNKIES (WERK) VAN DIE HEILIGE GEES:**






**PAS KOLOM A BY KOLOM B DEUR DIE ANTWOORD IN KOLOM C TE SKRYF:**

| KOLOM A | KOLOM B | KOLOM C |
|---|---|---|
| 1. Almal is hiermee vervul. | a. ..drome droom. | 1. |
| 2. Almal het in .. | b. ..sal gered word. | 2. |
| 3. Jongmense sal.. | c. Heilige Gees | 3. |
| 4. Elkeen wat die Naam van die Here aanroep.. | d. ..gesigte sien. | 4. |
| 5. Oumense sal.. | e. ..verskillende tale begin praat. | 5. |

***Om te onthou*:**
Die dissipels word vervul met die Heilige Gees en begin om in tale te praat.
Petrus staan op en lewer sy eerste preek onder leiding van die Heilige Gees. God het die Heilige Gees na die aarde gestuur as Trooster om by ons te bly en om ons te help. Die Heilige Gees woon in die harte van Sy kinders.



**AKTIWITEIT 16**

Lees Openbaring 20:11-15 asook Openbaring 21:1-8

# Ewigheidsperspektief

Vul die regte woorde in die oop spasies in:




| | | | |
|---|---|---|---|
| Betroubaar | nuut | bly | |
| pyn | mense | troon | |
| trane | leed | harde | God |

3 Toe het ek 'n _________ stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die ___________. Hy sal by hulle _____; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle ________.

4 Hy sal al die __________ van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook ________, smart en ______ sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."

5 Toe sê Hy wat op die _________ sit: "Kyk, Ek maak alles _______." En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is ____________ en waar."



Wat beteken dit om vir ewig te lewe en saam met Wie gaan jy vir ewig lewe?

## AKTIWITEIT 17

# Hersiening

Onthou jy nog die 10 gebooie??



Matteus 22:34-40

**Wat is die grootste gebod en ook 'n samevatting van die 10 gebooie?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

## Omkring die regte sterretjies!

Die aarde is geskep in 5 dae.

God is 3 persone: Vader, Seun, Heilige Gees.

Jesus leer ons om die Onse Vader te bid.

Jesus het ons nie vrygekoop nie.

Ons word in sonde ontvang en gebore.

Jesus sterf aan die kruis.

Jesus het opgevaar na die hemel.

Die Heilige Gees is ons Helper en Trooster.

Jy gaan hemel toe deur jou werke.

***Om te onthou***:

JY IS 'N KONINGSKIND!!

DIE HERE HET JOU ONEINDIG LIEF!!

# Koningskinderslied

Kom kinders, kom sing nou 'n vrolike lied
want ons is gelukkig al ken ons verdriet.
Want God is ons Vader, die Koning van ons hart.
En Hy dra ons altyd in voorspoed en in smart.

**KOOR**:
Koningskinders, dit is ons naam,
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.

Ons gaan deur die lewe gelukkig en bly.
Met Christus ons Heiland getrou aan ons sy.
Wie sou dan nie sing nie, Sy grote naam nie eer?
Want Hy's ons Verlosser, ons Redder en ons Heer.

**KOOR:**
Koningskinders, dit is ons naam,
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.

Al gaan deur die lewe nie alles steeds goed
met stryd en met strewe behou ons die moed.
God's Gees en die Bybel vertel ons telkens weer
dat God kinders liefhet wat lewe tot Sy eer.

**KOOR:**
Koningskinders, dit is ons naam,
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.